# Wennerwoorde 3 van 2025

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Ek wil graag hierdie oomblik gebruik om my dankbaarheid en trots met u te deel na afloop van verskeie byeenkomste wat ons bygewoon het.

Ek wil elke leerder gelukwens met julle pragtige prestasies. Julle het bewys dat harde werk ware vrugte afwerp.

Dankie aan elke ouer vir julle ondersteuning en betrokkenheid om ons leerders aan te moedig. Ek wil ook ons personeel bedank vir hulle toewyding en harde werk.

Ons sien uit na die res van die kwartaal propvol akademie en buitemuurse aktiwiteite.

## Atletiek

Ons spog graag met die volgende uitslae van die afgelope week se atletiekbyeenkomste met u:

Hoëveldgroep Byeenkoms gehou 29 Januarie 2025, het ons wenner atlete die volgende medaljes verwerf:
15 x goud
19 x silwer
23 x brons



Laerskool Standerton Vriendskaplike byeenkoms gehou 31 Januarie 2025, verower ons atlete nog:
13 x goud
15 silwer
23 x brons

Baie sterkte aan ons atlete wat vandag deelneem aan die Zone atletiekbyeenkoms by Secunda Stadion en ons atlete wat uitgenooi is om Saterdag, 8 Februarie 2025 te gaan deelneem by Tukkies aan die Top 10 atletiekbyeenkoms.

Doen net julle beste. Ons glo in julle!



Uit beide hierdie byeenkomste en die Bokkesport oefenspan het ons die beste tye en afstande geneem om die deelname span vir Zone te kies. Slegs die eerste 2 veld en baanatlete en eerste 3 middelafstand atlete dring deur na die Highveld Ridge Zone byeenkoms wat op 7 Februarie plaasvind. Sterkte aan elke atleet, ons is alreeds geweldig trots op julle!

Alle atlete moet Saterdag by die Laerskool Secunda gazebo aanmeld. Ouers kom ons trek ons ouerondersteunersdrag aan en staan uit wanneer ons ons atlete ondersteun.

## Swem

Laerskool Secunda wens graag al ons swem leerders geluk met hulle wonderlike tye waarop hulle verbeter het tydens die Klub Gala wat op Saterdag, 1 Februarie te Middelburg plaasgevind het. Ons wens hulle ook sterkte toe vir die eerste skool gala van die jaar wat op 11 Februarie by Middelburg Primary School plaasvind. Julle swemmers maak ons altyd trots.

Skool Gala's vir hierdie maand:

Rondte 1: 11 Februarie

Rondte 2: 27 Februarie





## Skaak begin!!

Ons wil graag alle leerders hartlik uitnooi om aan Skaak deel te neem. Skaak is dié sport wat leerders help met wiskunde, logiese denke en probleemoplossing. Ons sien met groot verwagting uit na 2025. Die oefeninge begin Maandag 3 Maart 2025 vir ons juniors (gr.1–3) en Woensdag 5 Maart 2025 vir ons senior leerders (gr. 4-7).

**Oefentye**:

Maandae: 13:40–14:30 in die mediasentrum.

Woensdae: 13:40–14:30 in die mediasentrum.

## Netbal

Ons is opgewonde oor die seisoen van 2025! Al ons afrigters is gerat om met ons dogters te oefen en vaardighede aan te leer.

Ouers maak asseblief seker dat u die opsomming van ons netbalvergadering lees. Dit is op 3 Februarie uitgestuur na ouers. Indien u dit nie gekry het nie, kontak asseblief Juf Marietha.

OEFENTYE:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 0/6 | Begin op 4 Maart | Dinsdae en Donderdag | 12:00 - 12:45 |
| 0/7 - 0/9 | Begin op 17 Februarie | Maandae, Dinsdae en Donderdae | 13:30 - 14:15 |
| 0/10 & 0/11 | Begin op 17 Februarie | Maandae, Dinsdae en Donderdae | 13:30 - 15:00 |
| 0/12 & 0/13 | Begin op 17 Februarie | Maandae, Dinsdae en Donderdae | 15:00 - 16:30 |

PROEWE:

Die datums vir ons 0/7 – 0/9 spelers sal nog bepaal word.

Vir die volgende spanne sal al die proewe om 14:00 begin en dit hou aan tot keurders voel elke speler het die speelbeurte na wense gekry.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 0/13 | 10 & 11 Februarie | 0/12 | 13 & 17 Februarie |
| 0/11 | 18 & 19 Februarie | 0/10 | 27 Februarie & 3 Maart |

# TEGNOLOGIE- NUUS

Welkom by ons virtuele wêreld waar ons die klaskamer na u huis bring!
Maak gerus van ons “GOOGLE CLASSROOMS” gebruik waar alle lesse, wat in die klas gewys word, opgelaai word.
Dit is ideaal vir die leerder wat afwesig was, hersiening wil doen of moet voorberei vir die eksamen.
Sluit sommer vandag by u kind se klasse aan. Moenie uitmis nie!

GRAAD 4

| | | |
|---|---|---|
| AFRIKAANS | Lizelle | 2zxyvaz |
| ENGELS | Candyce | dflkqji |
| WISKUNDE | Elizé | 4qgaebp |
| NWT | Theo | 2mea299 |
| SW | Larissa | wyxd5xg |
| PSW | Ruben | 435snzd |
| SK | Mieke | vp3jfrc |

GRAAD 5

| | | |
|---|---|---|
| AFRIKAANS | Karien/Elaine | asya5ib |
| ENGELS | Casandra | aqv7mg5 |
| WISKUNDE | Karen | a3t3gmm |
| NWT | Theo | xnpd4x9 |
| SW | Barend | jcdj2rv |
| PSW | Marco | nbqs3id |
| SK | Karen | skj5gkd |

GRAAD 6

| | | |
|---|---|---|
| AFRIKAANS | Magda | 2tdpwmy |
| ENGELS | Erika | imobntn |
| WISKUNDE | Elna | pt6vucq |
| NWT | Roelof | 57cF7pk |
| SW | Warren | 5lcdcuy |
| SK | Mieke | ebi73lz |
| EBW | Mieke | 637qokb |
| LO | Barend | yu365y2 |

GRAAD 7

| | | |
|---|---|---|
| AFRIKAANS | Magda | 2tdpwmy |
| ENGELS | Erika | imobntn |
| WISKUNDE | Elna | pt6vucq |
| NWT | Roelof | 57cF7pk |
| SW | Warren | 5lcdcuy |
| SK | Mieke | ebi73lz |
| EBW | Mieke | 637qokb |
| LO | Barend | yu365y2 |

## Secoerie Mini-Atletiek
## Graad RRR tot R

SECOERIE KLEUTERSKOOL

**DAGBOEK DIE DATUM.**

**Plek:**
Laerskool Secunda sportveld

**Datum:**
Saterdag,1 Maart 2025

**Tyd:**
8:30 vir 9:00

## RUGBY
### Skop kliniek deur
### MORNÈ STEYN

Datum: 20 Februarie 2025
Tyd: 14:00
Plek: Laerskool Secunda rugbyveld

R600 per leerder
Betaal en bespreek by meneer Ruben 073 432 5711
Slegs 20 plekke beskikbaar



## Valentyns Sokkie

- **Wanneer: 13 Februarie**
- **Waar: Skoolsaal**
- **Tyd: 18:00 tot 21:00**
- **Ingang: R20**

- **Alle graad 4 tot 7 leerders is welkom.**
- **Trek die kleur van liefde aan!**
- **Bring gerus 'n geldjie saam vir die snoepie en die foto hoekie.**
- **Kostes beloop R25 per foto.**

## Snoepie

**Snoepie tye:**

Maandae tot Vrydae
1ste & 2de Pouse

Maandae tot Donderdae (middae)
13:15 tot 14:00

## Wenner-toep

Ons wil u graag versoek om teen 28 Februarie die Wenner-toep af te laai en u ouerprofiel te skep. Vanaf 1 Maart sal alle skooldokumentasie slegs via die Wenner-toep gedeel word. Die klas WhatsApp-groepe sal net gebruik word vir kort boodskappe.

Ons waardeer u samewerking en ondersteuning in hierdie verband. Hierdie verandering sal help om kommunikasie tussen die skool en ouers doeltreffend en maklik te maak. Indien u enige vrae het, is u welkom om met ons in verbinding te tree.

## VALENTYNSDAG GEWONEKLERE

Trek rooi, pienk of wit aan

**14 Februarie**

R15 per kind
(graad 1 tot 7)

Betaalbaar op die KARRI-toep













## What to Do When Your Child Has a Meltdown

https://rinalouwclinical.co.za/tantrum/

Vriendelike groete

MNR. J. BOTHMA
HOOF